# Eldo-Gespreksgids

As ons gaan kyk na **Genesis 11:1-9**, sien ons hoe die mens *een* volk was en *een* taal gepraat (m.a.w. almal was amper dieselfde gewees). Hulle besluit toe om in die suide van Mesopotamië te bly en daar 'n stad en tempel-toring te bou (die toring van Babel, of die "Etemenanki"). Toe God afkom aarde toe en kyk wat hulle doen, was dit interessant nie die bou van die toring of selfs die toring self wat vir God verkeerd was nie. Liewers, dit was die *rede* agter die bou van stad en tempel-toring wat verkeerd was. En die rede? Sodat die mens (1) 'n naam vir homself kan maak, en (2) nie hoef te versprei oor die hele aarde nie. En as ons begin by die tweede rede sien ons dit is eintlik direkte ongehoorsaamheid vir wat God al voorheen vir hulle gevra het om te doen in Gen. 1:28 en Gen. 9:1, want God wil hê die mens moet oor die aarde versprei en vermeerder. God wil hê die mens moet groei en so sy eie identiteit uitleef en ontwikkel. God soek diversiteit – dit getuig tog na die grootheid van sy skepping nie waar nie?

## Gen. 11



En dit is vandag ook vir ons waar. Daar is baie "trends", of modes en giere, wat hierdie idealistiese of "perfekte" persoon skep waarnatoe almal moet streef. Hierdie "perfekte" persoon wat almal moet wees, want dan sal jy eers "perfek" wees. Maar hierdie gedeelte leer ons dat God nie so een idealistiese persoon wil hê nie. Hy het ons almal uniek geskape. Jy is 1 uit 7 biljoen. Jy is gemaak om uit te staan. So hoekom wil jy dieselfde wees as almal rondom jou? Hoekom wil ons almal streef om dieselfde te lyk, na hierdie een "perfekte" beeld?

En dit is ook 'n volgende probleem wat hierdie strewe veroorsaak, dit raak afkrakend. Mens begin vir jouself sê, "Ek is nie goed genoeg nie. Ek is nie mooi genoeg nie. Ek is nie maer genoeg nie." En hierdie strewe, word ambisie, en dan 'n ongesonde obsessie. En dit, is dan die ander rede hoekom die bou van die toring van Babel verkeerd was: die mens het 'n obsessie gehad om meer te wees as wat hy was. Ambisie om verby die menslike kondisie te gaan. Die mens wou vir homself 'n reputasie maak.

*Maar* dit beteken nou nie dit is verkeerd om ambisie te hê nie – nee! Mens mag ambisie in die lewe, of anders gestel, mens mag dinge koop of goed doen wat in die mode is: mens mag oefen, mens mag strewe om mooi te lyk en mooi aan te trek. Dit is soos die toring van Babel, die toring as sulks was nie verkeerd nie, *MAAR* dit was die rede daaragter wat tel. So wat is die rede hoekom jy die ambisie het om te oefen? Om te streef na die beste moontlike jy of omdat jy "perfek" wil wees soos iemand anders? Wat is die rede hoekom jy gesond eet? Om gesonder te probeer leef, of om rietskraal te wees en dan so "perfek" te word? En dit is die verskil tussen ambisie, en ambisie wat obsessie raak en so emosioneel ongesond word. So, <u>wees net jouself</u>! God het jou lief nes jy is. Jy is klaar perfek!




## Gespreksvrae

- Vir watse "trends" of modes en giere het jy al voor geval?
- Het jy al gevoel jy is nie "perfek" volgens die wêreld se standaarde nie? As jy gemaklik is deel dit bietjie met die groep.
- "Jy is klaar perfek!" Hoe laat dit jou voel? Hoe sal dit jou anders laat dink oor jouself?
- Hoe kan jy God se skepping eer as "1 in a 7 billion"? M.a.w. hoe kan jy God eer vir die unieke mens wie hy jou gemaak het?

18 Mei 2025